Medemens (c)

Graad 7

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Te lei om te alle tye, korrek teenoor alle mense waarmee hy in aanraking kom, op te tree.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

In staat wees om te verduidelik hoe skakel Medemens in by die Afrikanerskap, Burgerskap en Christenskap van Die Voortrekkers.

1. In sy eie woorde sê wie sy medemens is en bepaal of daar enige verskil tussen naaste en medemens is.
2. In die Bybel minstens twee verse soek waar van sy naaste gepraat word en een verhaal ken waar medemenslikheid goed geïllustreer word.
3. Die volgende stelling bespreek en verstaan:
   - My verhouding met my naaste word bepaal deur
   - my verhouding met my God
   - my verhouding met myself.
4. Die volgende begrippe verstaan en bespreek hoe dit **konsekwent** toegepas kan word:
   - Respek.
   - Verantwoordelikheid.
   - Bedagsaamheid.
   - Gehoorsaamheid.
   - Hulpvaardigheid.
   - Kyk waar die begrippe in die Bybel gebruik en beskryf word.
5. Bostaande begrippe gebruik om sy optrede teenoor die volgende mense te bepaal:
   - Volwassenes.
   - Ouer kinders.
   - Jonger kinders.
   - Minder bevoorregtes.
   - Mense wat oor jou aangestel is.
   - Ander bevolkingsgroepe.
6. As groep die goeie en verkeerde invloede wat die volgende op jou lewe kan hê bespreek:
   - Maats.
   - Musiek.
   - Partytjies.
   - Kleredrag.
   - Rekenaar.
   - Televisie.
   - Selfoon.
   - Internet.
7. Bepaal hoe hy in die volgende situasies moet optree om sosiaal aanvaarbaar te wees.
   - Wanneer sy selfoon in ’n geselskap lui.
   - Aan tafel saam met ander mense eet.
   - Hy ’n kompliment gee.
   - Hy ’n kompliment ontvang.
   - Hy deel is van ’n sportspan.
   - Wanneer hy in ’n geselskap praat.
   - Wanneer hy in ’n geselskap luister.
8. As groep hulle verantwoordelikhede teenoor persone met gestremdhede bespreek.
   - Maak kennis met vier verskillende soorte gestremdhede.

- Neem kennis van vier instansies wat vir vier spesifieke gestremdhede voorsiening maak.
- Besoek ’n instansie vir gestremdes of nooi ’n persoon met ’n gestremdheid om hulle te besoek.

OF

9. As groep hulle verantwoordelikheid teenoor bejaarde mense bespreek.
   - Stel vas waarom hulle nie meer:
     a. So goed kan sien nie.
     b. So goed kan hoor nie.
     c. So goed kan onthou nie.
     d. So goed kan beweeg nie.
   - Besoek of nooi ’n bejaarde om met hulle te gesels oor:
     a. Hulle jong dae.
     b. Hulle belewenis vandag.
     c. Hulle hartseer.
     d. Hulle vreugdes.
     e. Hulle wense.
     f. Hulle drome.

OF

10. Die kennis wat aangeleer is, toepas deur een van die volgende te reël:
    - ’n oggend tee vir volwassenes
    - ’n speledag vir jonger kinders
    - ’n sosiale geleentheid vir sy portuurgroep

11. a Vasstel wat groepsdruk is en bespreek die volgende:
    - Hoe ontstaan groepsdruk?
    - Is groepsdruk positief of negatief?
    - Hoe herken jy groepsdruk?
    - Hoe moet jy groepsdruk hanteer?

    b Vasstel wat konflik is en bespreek die volgende:
    - Hoe ontstaan konflik?
    - Hoe voorkom jy konflik?
    - Hoe hanteer jy konflik?

C AANBIEDING

Vereistes 1 tot 4 is duidelik.

- Vereiste 5: Laat die kinders hierdie kwaliteite in die Bybel naslaan en as groep bespreek.
- Vereiste 6: Gebruik die begrippe by vereiste 5 en maak dit van toepassing by die groepe wat by 6 aangedui word. Albei stelle kan op kaarte geplak word en so gebruik word.
- Vereiste 7: Gebruik 7 koeverte per kind. Skryf op elkeen van die koeverte een van die onderwerpe neer. Hou rooi en blou kaarte gereed. Elkeen skryf nou die goeie invloed van byvoorbeeld maats op die blou kaart neer en plaas dit in sy “Maats”-koevert. Skryf nou die verkeerde invloede op die rooi kaart neer en plaas dit ook in die “Maats”-koevert. Doen dieselfde met die ander 6 onderwerpe. Laat elkeen sy kaarte vir die groep lees en aanvul soos nodig.
- Vereiste 8 tot 10 is duidelik. Slegs een van die drie moet gedoen word. Indien daar genoeg tyd is kan meer gedoen word.
- Vereiste 11 en 12 kan deur middel van gesprekke of rolspel hanteer word. Op die internet is kort video’s beskikbaar wat konflik en groepsdruk uitbeeld. Oor albei hierdie onderwerpe is ook heelwat boeke beskikbaar.